

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 45: *Va'etchanan* (וַיְהִי) – En Ek Het Gesmeek.

Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen? Deut. 3:23 en 24 – PWL.¹

Torah: Deut. 3:23 tot 7:11

Haftorah: Jes. 40:1 tot 26

Die Hernieuwe Verbond: Matt. 28:20; Open. 22:14; Open. 22:18 en 19; Rom. 7:12; Efes. 6:4; Rom. 1:18 tot 25; 2 Pet. 2:20 tot 22; 2 Kor. 6:17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 6:19 en 20; Heb. 12:18 tot 29; Joh. 14:15, 21 en 23; Mark. 12:28 tot 34

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 45 wat afgelaai kan word by: [Parashah45Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

Joy is the by-product of obedience – Anonymous.

My greatest thought is my accountability to God – Daniel Webster.

You are not here in the world for yourself. You have been sent here for others. The world is waiting for you! – Catherine Booth.

Before we go to our knees to receive the Baptism of Fire, let me beg of you to see to it that your souls are in harmony with the will and purpose of the Holy Spirit whom you seek – William Booth.

Midrash (Torah Bespreking)

Aan die einde van Moses se lewe, waarvan hy 80 jaar in die wildernis deurgebring het, is hy besig om vir oulaas YHWH se liefdevolle onderrig en instruksies aan die volk te herhaal. Soos Moses moet ons ook enduit volhard om te voltooi waarvoor Vader-God elkeen van ons geroep het.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

Israel het vir 40 jaar onderrig in die huwelikskontrak (die *ketuba*), naamlik YHVH se Torah, ontvang. Hulle het geleer dat hulle verhouding met YHVH 'n liefdesverbond is – 'n verbond tussen God en die mens, asook 'n verbond tussen die mens en sy medemens! Yeshua het dit self bevestig:

En een van hulle, 'n kenner van die wet, het 'n vraag gestel om Hom te toets: “Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?” Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt. 22:35 tot 40 – PWL.

Ons wildernisreis in hierdie wêreld is ook 'n tydperk wat ons die geleentheid het om daaglik te bou aan ons verhouding met ons Vader en met medemens. Dit is 'n daaglikse geleentheid om te leer om volgens YHVH se Torah ons skeppingsdoel (roeping en bediening) uit te leef!

Torah is 'n demonstrasie van die verhouding tussen 'n vader en sy kind. Die taak van 'n vader is die volgende:

- Om sy kind te onderrig. Op die wyse word die kind geleer en verkry hy kennis.
- Om sy kind instruksies te gee. Hierdie is die moets en moenies van die lewe. Dit is die voorskrifte, wette en beslissings wat van toepassing is op die onderrig (kennis) wat die kind ontvang het.
- Om 'n rolmodel vir sy kind te wees van hoe kennis en instruksies op 'n voordelige wyse toegepas word. Hierdie is die leerstellings van die lewe wat die openbaringskennis van wysheid en insig is. Kennis is dit wat jy leer; wysheid en insig word verkry deur die praktiese toepassing van kennis en instruksies waar te neem.

'n Vader gee onderrig en instruksies aan sy kind omrede hy vir hom liefhet. Sy doel is dat sy kind 'n suksesvolle en geseënde lewe sal hê. Hy begeer dat dit met sy kind in alle opsigte van gees, siel en liggaam, goed moet gaan. Dit is presies dit wat ons Hemelse Vader se begeerte vir elkeen van Sy kinders is!

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Wat is die beginsel van naaste liefde: Is die antwoord Matt. 7:12, naamlik: *Alles wat jy wil hê ander mense vir jou moet doen, doen net so vir hulle, want dit is die Wet en die Profete.* Lees ook 1 Joh. 2:9 tot 11.

Luister En Doen

Luister nou, Yisra'el, na die reëls en die wette wat ek julle leer om te doen sodat julle mag lewe en ingaan en die land wat יהוה, die God van julle vaders, aan julle gee, in besit neem. Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel. Deut. 4:1 en 2

Ons eerste prioriteit moet dus wees om Vader se kennis en wysheid voortdurend te soek en dit in elke area van ons lewe nougeset toe te pas.

Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word, want elkeen wat aanhou vra ontvang

en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word. Wie is daar tussen julle wat, as sy seun vir hom 'n brood vra, vir hom 'n klip sal aanbied; of as hy vir 'n vis vra, vir hom 'n slang sal aanbied? As julle, alhoewel julle boos is, dan weet om goeie geskenke vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, aanhou om goeie dinge te gee vir die wat aanhou om Hom te vra! Matt. 7:7 tot 11 – PWL.

Ons moet onthou dat die ewige lewe is om YHVH Yeshua te ken!

Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid. Joh. 17:3 – PWL.

Daarom moet ons eerste prioriteit wees om YHVH Yeshua te ken, naamlik om die Vaderhart te verstaan deur 'n geestelike intieme verhouding en om uit liefde alles te doen wat Hy van ons vra, naamlik gehoorsaamheid aan Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Die basis van ons verhouding met YHVH is gebaseer op ons kennis en insig van Sy Woord.

Vader-YHVH het aan ons Sy *Torah* gegee omrede Hy vir ons lief is. Al Sy onderrig, instruksies en leerstellings is aan ons gegee sodat ons volkome voorbereid en toegerus kan wees vir elke goeie werk (2 Tim. 3:16 en 17). Daarom is *Torah* nie bedoel om YHVH se straf te wees nie, maar om die mens daarmee te seën. *Torah* is Vader-God se liefde in aksie.

Onder die nuwe verbond het YHVH die verantwoordelikheid as Vader hernu om elkeen wat deur geloof in Yeshua met Hom versoen is, te leer en te lei. As ons Hemelse Vader gee Hy aan ons, Sy kinders, ook onderrig en instruksies en is Hy ook ons rolmodel wat ons die openbaringskennis van wysheid en insig gee (Matt. 11:29; Joh. 7:16). Dit alles doen Hy deur Sy *Torah* wat Hy aan ons gegee het en met die hulp van Sy Afgesonderde Gees.

Vader-God het vir ons Yeshua gegee wat 'n lewende demonstrasie van *Torah* is, en tweedens gee Hy aan ons elkeen Sy Gees wat ons sal leer en sal lei aangaande alles wat in *Torah* (die Woord) opgeskryf is (Joh. 14:26). Sy genade en liefde vir ons is so groot dat Hy dit alles by wyse van 'n verbond met ons bevestig en bekragtig het.

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהיה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהיה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste. Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.” Heb. 8:10 tot 12 – PWL.

Hoewel ons slegs deur geloof (vertroue) gered kan word, en die wet (*Torah*) ons nie kan red nie, onderwerp ons onself steeds aan *Torah*. Deur ons aan *Torah* te onderwerp, bevestig ons juis Vader-God se onderrig en instruksies. Ons bevestig dit ondermeer deur wedergeboorte, want dit is om te glo dat *Torah* ons skuldig bevind en ons die straf verdien en dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23). Yeshua Messias bevestig *Torah* (die wet) deurdat Hy die straf wat ons toekom op Hom geneem het. Daarom maak ons **nie** die wet tot niet deur ons geloof nie, maar ons geloof is juis bevestiging van Vader-God se *Torah* – dit is 'n bevestiging dat ons steeds gehoorsaam aan *Torah* moet wees.

*Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertroue? 'n Verwerplike gedagte!
Inteendeel, ons bevestig die wet. Rom. 3:31 – PWL.*

Torah word nou deel van ons geloofslewe, want dit is nie net YHVH ons Vader se wil vir ons nie, maar ook Sy onvoorwaardelike liefde vir ons word deur Sy *Torah* openbaar gemaak.

Deur Torah te leef en toe te pas (te *sh'ma*²; te *sh'mar*³ en te *asah*⁴, naamlik hoor, bewaar en doen YHVH se Torah asof jou lewe daarvan afhang), sal ons gesëen word met voorspoed, gesondheid, vreugde, vrede, wysheid en elke ander goeie gawe (Jak. 1:17). In Yeshua Messias is Torah nie 'n las nie, maar 'n seën.

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van YHVH, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. Ps. 1:1 tot 3.

Onder die genade van Vader-YHVH sal ons in alle opsigte volop hê (Joh. 10:10) en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk (2 Kor. 9:8). Hy voorsien die saad aan die saaiër, maar verseker ook die oes sodat ons in alles (geestelik en materiëel) ryk kan wees en om ook aan ander uit te kan deel (2 Kor. 9:9 tot 11).

Torah is die goeie saad wat ons ontvang. Wanneer ons Torah in geloof saai deur dit toe te pas, sal ons Vader 'n goeie oes verseker. Dan sal die vrug van ons geregtigheid toeneem (2 Kor. 10:10). YHVH se Woord, naamlik Torah, is soos reën wat die aarde deurvogtig sodat die saad kan ontkiem en 'n oes voortbring. Hierdie Woord sal nooit leeg na Hom terugkeer nie, maar sal dit doen waarvoor dit bestem is, naamlik om voorspoed en seën te bring (Jes. 55:10 en 11).

Volgens Heb. 11:1 is geloof (vertroue) om seker te wees van dit wat ons hoop en oortuig te wees van dit wat ons nie kan sien nie. Geloof is dus 'n vaste vertroue in Torah, want dit is die dinge wat ons hoop. Wanneer ons Torah lees, of hoor, kan ons egter nie die sigbare resultaat daarvan altyd sien nie, hoewel ons glo dat dit die bewys daarvan is. Eers wanneer ons Torah toepas (implementeer) deur nougeset daarvolgens te handel omrede ons dit glo, dan sal dit in ons lewens manifesteer (die resultaat sal sigbaar word). Dit wat Torah belowe, sal waar word wanneer ons dit doen. Ons doen dit omrede ons dit glo, maar meer nog, omrede ons geloof het in YHVH ons Vader wat dit vir ons gegee het. Hy is die waarmaker van Sy Woord, naamlik *Torah* (Num. 23:19).

Ons kan ook met 'n vaste vertroue na ons Vader gaan, want Hy is 'n beloner van die wat Hom soek (Heb. 11:6). Ons weet ons sal beloon word, want in Yeshua Messias het ons aan die vereistes van Torah voldoen. Al oortree ons weens menslike swakheid, ontvang ons telkens genade van vergifnis (1 Joh. 1:9) en in Yeshua is ons dus mede-erfgenaar van die seëninge van Torah (Gal. 4:7).

Dit beteken egter nie dat ons kan aanhou sondig omrede ons nie meer onder die wet is nie, maar onder die genade. (Rom. 6:1, 2 en 15). Nee, ons glo ook dat ons vir die sonde dood is en lewend is vir God in Yeshua (Rom. 6:11).

² Bill Bullock (Rabbi's Son) beskryf die betekenis van *sh'ma* volgens Hebreuse denke soos volg: "*listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND teach it to your children AND walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear.*"

³ *Sh'mar* – om te omhein (soos met dorings), om wag te staan, om te beskerm, te bewaar, ag te gee daarop, op te let na, noulettend te wees, op jou hoede te wees, te handhaaf, te hou (soos gehoorsaam te wees)

⁴ *Asah* – te doen, uit te voer, te vervul, te vorm, voor te berei, te maak.

As geregverdigdes lewe ons uit vertrou (geloof) (Rom. 1:17). Ons vertrou is:

- In YHVH ons God en Vader en in die versoeningswerk van Sy Seun, Yeshua ons Messias.
- In Torah as die onderrig, instruksies en wysheid wat YHVH aan ons gegee het sodat ons in alles voorspoedig kan wees.
- Dat ons in Yeshua vir die sonde dood is en daarom die seëninge wat Torah belowe kan ontvang. Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Messias het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).
- Dat ons deur die inwonende Gees van YHVH geleer en gelei word om al hoe meer gelykvormig aan Yeshua, en derhalwe aan Torah, te word.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Spr.9:10 – *Die beginsel van die wysheid is die vrees van YHVH, en kennis van die Afgesonderde (Heilige) is verstand..* Is Torah YHVH se wysheid en hoekom? Is dit die Boom van Lewe?
2. Sal die wêreld ‘n beter plek wees indien elke mense volgens alles wat in Torah geskryf staan lewe? Is ‘n Torah-leefwyse as geregverdigde in Yeshua nie juis bedoel om YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig nie? Die begin van die chaos wat op elke terrein gesien word, was die dag toe die meerderheid van die mensdom YHVH se Torah verwerp het!
3. Deuteronomium 28 is bevestiging dat Torah-gehoorsaamheid YHVH se seëninge meebring, terwyl ongehoorsaamheid aan Torah YHVH se oordeel (vloeke) tot gevolg het. Is moedswillige Torah-ongehoorsaamheid dan nie om jouself te vervloek nie?
4. Lees 1 Joh. 3:4. Wat is sonde? Hoe verduidelik jy in een kort sinnetjie vir iemand wat sonde is? Hoeveel goedbedoelende gelowiges bid gereeld vir vergifnis van sonde sonder om te besef wat sonde is en gevolglik aanhou sondig?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.